191. T. 1(25)

Bylae C by Bondsraad-notule van 30.9.1958.

DIE TAAK VAN DIE A.B. ONDER DIE HUIDIGE TYDSOMSTANDIGHEDE.

Deur Prof. H.B. Thom
(Voorsitter, U.R.).

Voorsittersrede, Bondsraad, Bloemfontein,
30 September 1958.

Geagte Broers,

Ons is weer hier vir 'n Bondsraad byeen. Dit is 'n voorreg om hier te wees. Ons kry die geleentheid om deel te neem aan die verrigtinge van die hoogste liggaam in ons beweging, en ons kry ook 'n aandeel aan die uitoefening van die gesag van daardie hoogste liggaam. Ons kry hier 'n indruk van die omvang en verteenwoordigende karakter van die A.B., asook van die invloed van die A.B. By die Bondsraad, meer as by enige ander plek of geleentheid, sien ons wat die A.B. werklik is.

Ons is ook weer hier in die vriendelike, gasvrye stad Bloemfontein byeen. Hier in Bloemfontein kom ons elke twee jaar vir ons vernaamste Bondsraad byeen, d.i. die Bondsraad waarop die U.R. gekies en ander betekenisvolle werk gedoen word. In hierdie stad vergader ook die kongresse van die F.A.K., en is daar al dikwels ander belangrike kulturele byeenkomste gehou, wat van verreikende betekenis in die geskiedenis van ons volk geword het. In ons kultuurlewe is Bloemfontein vir ons werklik wat sy naam beteken: 'n Fontein van blomme.

Dit is ook 'n voorreg om die Bondsraad by te woon omdat ons hier weer so baie ou vriende uit verskillende dele van ons land ontmoet. Dit is goed om mekaar weer te sien en in mekaar se geselskap te verkeer; dit is goed om ou kennisse te hernuwe, om gesellig gedagtes te wissel en in mekaar se geselskap geluk en besieling te vind. Ek het 'n hooggeagte senior Br. eenkeer met treffende, kinderlike nederigheid op 'n Bondsraad hoor sê: „Ek weet dat ek nie 'n belangrike bydrae op die Bondsraad te maak het nie, maar dit weet ek: dat ek verkwikking en versterking in die geselskap van my Brs. vind."

Dit is verder ook 'n voorreg om die Bondsraad by te woon - en hier kom ek nou by my vernaamste punt - omdat ons hier die geleentheid kry om as Afrikaners en as A.B.-lede die oog oor ons eie nasionale en kulturele

2/sake .....

sake te laat gaan. Ons kry die geleentheid om te sien wat goed en mooi is, maar ook om op eerlike wyse ons hand in eie boesem te steek, om ons eie tekortkominge ruiterlik te erken en om openhartig en opreg die nodige besluite te neem. Vandaar dan dat die Bondsraad vir ons die aangewese plek is om ons oor die taak van die A.B. te besin, om dit te ontleed en om te kyk of ons nog besig is om daardie taak na behore te vervul. Dit is ons voorreg dat ons dit hier kan doen; dit is ook ons plig om dit te doen.

By enige organisasie, of hy op stoflike of op geestelike terrein optree, is dit nodig dat hy hom van tyd tot tyd van sy taak deeglik rekenskap sal gee. 'n Organisasie ontstaan onder gegewe omstandighede; dit is 'n tyd van nood of dit is 'n tyd van voorspoed; dit is 'n tyd van krisis of dit is 'n tyd van normale, rustige vooruitgang. Die tydsomstandighede sal 'n belangrike uitwerking ten aansien van die taak van so 'n organisasie hê; of as dit die taak as sodanig nie radikaal beïnvloed nie, sal dit ten minste op die metodes van optrede ernstig inwerk. Daarom is dit noodsaaklik dat die lede van so 'n organisasie, en by uitstek die bestuur of direksie van die organisasie, met veranderende tydsomstandighede terdeë sal rekening hou, en dat hulle, indien nodig, in die lig daarvan hulle taak sal herformuleer of hulle metodes sal wysig.

Dat dit ook in die A.B. nodig is, sal seker niemand van ons betwyfel nie. Sedert die krisisdae van byna 40 jaar gelede toe die A.B. ontstaan het, het daar dan ook, na mate omstandighede verander het, 'n gewisse aanpassing in die doel en optrede van die A.B. gekom. By 'n vorige Bondsraad het ek dit reeds in besonderhede uiteengesit; ek wil dit dus nie nou weer alles hier herhaal nie. Ek stip ter opheldering net die hoofpunte aan.

Toe die A.B. aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog gestig is, was die hoofoogmerk om 'n organisasie te hê wat vir die Afrikaner beskermend kon optree. So 'n organisasie was nodig, want dit het geblyk - veral na aanleiding van dr. Malan se historiese vergadering wat in die Johannesbrugse Stadsaal met barbaarse geweld deur vyande van die Afrikaners opgebreek is - dat die Afrikaner in sy eie land nie in rus en veiligheid dié burgerlike regte kon uitoefen wat vir enigeen in 'n demokratiese land gegun word nie. In die A.B. se optrede het dan ook vir 'n hele aantal jare

3/lank.....

lank die klem op beskerming van die Afrikaner geval.

Daarna het 'n nuwe fase gekom. Die Afrikaner het begin vooruit gaan, veral op staatkundige gebied. Beskerming was nie ál wat nou nodig was nie. Daar moes gestry word: die ideale van die Afrikaner moes voortgedra word, dit moes in die praktyk werklikheid word. Die fase van aktiewe, strydvaardige optrede het aangebreek. In die doelstelling en optrede van die A.B. het die klem nou hierop geval. In die lig van die feit dat in dié tyd die bewind in die hande van 'n Regering was wat hom by herhaling aan onderdrukking van die Afrikaner skuldig gemaak het, is dit des te meer verstaanbaar dat die klem op stryd en aksie geval het. Die tydsomstandighede het dramatiese optrede geverg, en dit het ook nie uitgebly nie.

Vervolgens het die derde fase aangebreek. Deur stryd in eie kring was die Afrikanerdom verbrokkel en versplinter. Die Afrikaner het wel die getalle gehad, maar vanweë die versplintering kon hy nóg op stoflike gebied nóg op geestelike gebied die invloed uitoefen waarop hy geregtig was. Veral op die staatkundige terrein is hy deur hierdie versplintering magteloos geslaan. Daar moes dus gekonsolideer word; kragte moes saamgetrek word. Die A.B. het geweier om in die stryd in eie kring kant te kies; inteendeel, hy het probeer saamtrek, hy het probeer byeenbring. Vir 'n hele paar jaar lank het die klem op konsolidasie, saamvoeging, vereniging geval. Ek meen stellig dat ons met nederige dankbaarheid kan sê dat die A.B. regstreeks en onregstreeks, sy bydrae tot die konsolidasie van die Afrikanerdom gelewer het. Dit is hierdie konsolidasie wat op verskillende manier uiting gevind het, en wat ook spreek uit die klinkende oorwinnings van die nasionale Afrikanerdom by die stembus in 1948 en daarna.

In hierdie derde fase staan ons vandag nog: die klem val by die A.B. nog steeds daarop dat hy van binne moet versterk en uitbou, dat hy moet konsolideer en één maak. Miskien staan ons hiermee reeds op die drumpel van die vierde fase: die taak van die A.B. in die Republiek van Suid-Afrika. As dit só mag blyk, sal ons werk van konsolidasie en sametrekking in die derde fase waarlik 'n God-gewilde voorbereiding vir ons taak in die vierde fase wees.

In hierdie groot lyne van die A.B. se doel en strewe in die verlede,

4/sien .....

sien ons welke aanpassings met verloop van tyd nodig geword het. Waar ons nou in Suid-Afrika reeds 'n elf jaar van Nasionale Afrikanerregering ondervind, en waar ons vermoedelik voor groot veranderings staan, en waar dit ook nodig is dat ons vir ons 'n pad in die toekoms sal probeer uitstippel, laat ons dan nou nader op ons taak van die huidige dag ingaan.

Sekere sye van die taak van die A.B. het vanaf sy stigting tot vandag toe dieselfde gebly, en dit sal seker tot in lengte van dae dieselfde bly. Dit geld vir die basiese of fundamentele dinge. Die A.B. bestaan uit Afrikaners, wat deur herkoms, taal en godsdiens saam verbind is, en wat by wyse van 'n plegtige gelofte onderneem het om oral en te alle tye die belange van die Afrikanervolk te dien.

Dit beteken dat die A.B. geroepe is om hom te eniger tyd wanneer die belange van die Afrikanervolk bedreig word, vir die Afrikaner in die stryd te werp. Die A.B. beywer hom bv. vir die gesonde familielewe van die Afrikaner; hy beywer hom vir die taal en die moedertaalonderwys van die Afrikaner; hy beywer hom vir die ekonomiese vooruitgang en die algemene opheffing van die Afrikaner; hy beywer hom vir die gesonde staatkundige ontwikkeling van die Afrikaner en hy sien uit na die verwesenliking van 'n Republiek ooreenkomstig die aard en tradisies van die Afrikaner. Die A.B. beywer hom ook vir die beskerming en gesonde voorligting van ons jeug; en hy beywer hom vir die beskerming van ons bodem teen kortsigtige en selfsugtige eksploitasie van gewetelose mense, wat geen nasionale belang dien nie maar eenvoudig eiebelang najaag. Die A.B. beywer hom bowendien vir die bevordering van gesonde verhoudinge tussen die verskillende kringe binne die ekonomiese en sosiale patroon van ons volk, sodat daardeur 'n harmoniese volkslewe en 'n gesonde nasionale ontwikkeling bevorder kan word.

Die taak van die A.B. kom verder daarop neer dat hy vir sy lede - en, deur hulle, vir die volk - kennis oor aktuele vraagstukke van die dag sal bring. Die A.B. is in die gelukkige posisie dat hy in eie kring Brs. tel wat gesaghebbendes op verskillende gebiede is. Dit is die taak van die A.B. dat hy van die kennis van gesaghebbende Brs. sal gebruik maak, en dit tot beskikking van die hele A.B. sal stel. Dit geskied op verskillende maniere: deur die opstelling van inligtingstukke, waarvan die U.R. al 'n hele aantal uitgestuur het; deur referate, en die bespreking daarvan, op Bondsrade, Streekrade en Saamtrekke, wat aan almal van ons welbekend is;

5/en.....

en deur voorligting en bespreking in ons afdelings, waarmee almal van ons seker ook al oorvloediglik kennis gemaak het. Hierdie taak van die A.B. beteken dat hy, soos ons huidige Br. Eerste Minister, Br. H.F. Verwoerd, dit een keer gestel het, vir ons volk 'n dinkbron sal wees. Van die A.B. moet lig en kennis uitgaan wat stimulerend en bevrugtend op die aktiwiteite van ons volk sal inwerk.

Die A.B. het verder ook die taak dat hy vir sy lede waarlik 'n gemeenskap van Brs. sal wees. Elke Bondsraad, elke Streekraad, elke afd. moet vir Brs. 'n ware uitvlug wees: hulle moet weet dat hulle daar onder broers is, dat hulle daar saam is as manne wat één is in hulle groot strewe van nasiediens. Hulle moet weet dat hulle daar openhartig kan praat; dat hulle daar ook selfs openhartig van mekaar kan verskil, sonder dat die gees van eensgesindheid en broerskap skade aangedoen sal word. Hierdie A.B.-vergaderings moet vir ons in 'n sekere sin 'n geestelike tuiste bied, waar ons tuis en gelukkig en tevrede sal voel. Hulle moet 'n blywende band van vriendskap lê en bestendig, wat vir ons dwarsdeur ons lewe 'n bate sal bly. Dink net daaraan wat die A.B. sal beteken as hy volkome aan hierdie groot doel kan beantwoord, nl. dat hy 'n lewende band sal wees wat 5,000 oortuigde Afrikaners in al die geweste van Suidelike Afrika in een groot geheel sal saambind. Al sou die A.B. niks anders doen nie, al sou hy net vir hierdie duisende Afrikaners 'n ware tuiste wees waar hulle hulle van hulle Afrikanerskap bewus sal wees, dan sou hy nogtans in 'n groot behoefte voorsien.

Dit is die basiese dinge hierdie, en dit sal altyd doelstellings van die A.B. bly. Maar die wyse waarop die A.B. sy doelstellings nastreef, en die klem wat hy op die een of ander daarvan plaas, sal natuurlik van tydsomstandighede afhang en sal dus nie altyd dieselfde wees nie. In 'n tyd wanneer 'n landsregering die bewind voer wat die hoogste belange van die Afrikaner vir taal, kerk en kultuur nie goedgesind is nie, sal die A.B. sterk en oortuigoptree. Die A.B. sal dan met al die middele tot sy beskikking openbare optrede organiseer wat die belange van die Afrikaner sal beskerm, al sou sodanige optrede ook reëlreg in stryd met die beleid van die Regering wees. Dit sal uit die aard van die saak gebeur dat die A.B. op 'n wyse sal optree wat sterk tot sy lede sal spreek en ook tot die groot kring van Afrikaners buite-om, al sou laasgenoemdes weinig van die A.B.

6/weet.....

weet en hulle ook nie daarvan bewus is dat sodanige optrede van die A.B. afkomstig is nie.

Maar wanneer 'n Nasionale Afrikanerregering die bewind voer, is die toestand dadelik anders. Die A.B. het dan die versekering dat die groot dinge waarvoor hy hom beywer, by die Regering 'n simpatieke oor sal vind. Die A.B. weet immers dan dat dié Regering daar geplaas is grotendeels ten gevolge van 'n konsolidasie van Afrikanergevoelens, iets waarvoor die A.B. hom self beywer het, en ook steeds sal beywer. Ofskoon die A.B. as sodanig hom geensins met die besonderhede van die stryd tussen politieke partye bemoei nie, dank hy die Here wanneer 'n ware Nasionale Afrikanerregering die bewind aanvaar, of by hernuwing aanvaar. Immers, ofskoon die A.B. hom as sodanig nie in die politieke stryd werp om 'n meerderheid vir 'n bepaalde party te besorg nie, is die oorwinning van 'n ware Nasionale Afrikanerregering die resultaat van werk wat die A.B. op die terrein van die breë volkslewe help doen.

Dit is vandag die toestand by ons. In 1948 is daar vir die eerste keer in die geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika 'n Regering gevorm wat ten volle uit Afrikaners bestaan. En vir elf jaar lank het ons nou al 'n Regering wat ten volle uit Afrikaners bestaan. Laat ons as Afrikaners en Brs. in stilte en ootmoed neerkniel en die Here hiervoor dank. Elf jaar lank het ons nou al gesien hoe die manne van daardie Regering hulle vir die stryd aangegord het; elf jaar lank het ons gesien hoedat byna bomenslike eise aan hulle menslike kragte gestel is. In die loop van elf jaar het ons gesien hoedat hulle die een na die ander die letsels van liggaamlike en geestesuitputting begin toon het. Ons moes ook aanskou hoe 'n hele paar van hulle ons al deur die dood ontval het. Ons weet ook dat die grond op die graf van wyle ons Br. Eerste Minister Hans Strydom nog maar vars opgehoop is, en dat hy, menslik gesproke, veels te vroeg heengegaan het. Vier jaar gelede het hy hier in Bloemfontein nog in ons midde op die Bondsraad verskyn en lank en geduldig op ons vrae geantwoord. Ek herhaal: Laat ons die diepgaande betekenis wat 'n Nasionale Afrikanerregering vir ons het, behoorlik verstaan, en laat ons diep dankbaar daarvoor wees.

In hierdie tyd, en onder hierdie Afrikanerbewind, gaan die A.B. met sy taak voort. Sy verantwoordelikheid het nie verminder nie, en sy waaksaamheid mag nie verslap nie. Hoe moet hy nou te werk gaan? Moet hy radi-

7/kale .....

kale stappe doen wanneer een of ander lid van die Regering iets doen of sê waarmee hy nie saamstem nie? Moet hy proteste organiseer? Moet hy ander dramatiese dinge doen, soos hy miskien onder 'n ander Regering sou gedoen het? Of: Wanneer die A.B. vir 'n sekere rigting voel, en die Regering beweeg na sy mening nie kragdadiglik genoeg in daardie rigting nie, moet die A.B. dan in geskrif en met die daad teen die beleid van die Regering te velde trek? Sal deur sodanige optrede die blywende belange van die Afrikanerdom, en by name die eenheid van ons volk, bevorder word?

Laat ons dit met 'n paar praktiese voorbeelde illustreer. Ek sê praktiese voorbeelde, omdat die U.R. werklik hiermee te doen gekry het.

Hier op ons Bondsraad praat ons oor ons eenheidstrewe op onderwysgebied. Baie Afrikaners, en veral baie van ons Brs., voel besonder sterk hieroor. Daar word op gewys dat 'n verskeidenheid van instansies, soos die Sentrale Regering, die provinsiale owerhede en die kerke in ons onderwys met gesag beklee is. Daardeur ontstaan 'n groot mate van verbrokkeling van beheer, en dientengevolge groot verskille in die vergoeding en toewyding van leerkragte, in die inhoud van leerplanne en in die kwaliteit van die onderwys. Daar word dan aangetoon watter ernstige skade aan ons jeug, en aan ons volk, gedoen word.

Van verskillende kante is pogings aangewend om 'n hervorming van hierdie toestand van sake teweeg te bring. Daar is ernstige vertoë tot die betrokke instansies gerig, verteenwoordigers van hierdie instansies het mekaar in uitvoerige, ernstige samesprekings ontmoet, en met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is by herhaling onderhandel. Maar ten spyte van dit alles kon daar nog geen groter eenheid bereik word nie. Sommige Brs. het nou ongeduldig geword: hulle het dringend gevra dat die U.R. en, saam met die U.R., die hele A.B. met krag optree om die verlangde eenheid te verkry. Hulle was van mening dat 'n groot openbare demonstrasie van stapel gestuur moes word en dat, soos een Br. dit uitgedruk het, „die Regering gedwing word om hierdie eenheid onmiddellik deur wetgewing in te voer". Wat staan die U.R. nou te doen?

Die U.R. het ook inligting gekry dat Afrikaans in 'n sekere Staatsdepartement afgeskeep word, en dat die oorgrote meerderheid van die hoogste poste daar - vanwaë die bevorderingstelsel van 'n vroeëre Regering - beklee word deur persone wat die Afrikaner nie goedgesind is nie. Daar is ook be-

8/toog.....

toog dat vanweë die bestaande toestand daar, die gees en gesindheid van daardie Departement on-Afrikaans sal bly. Die U.R. is dus gevra om onverwyld aan die saak aandag te wy om dit onder die aandag van die betrokke Minister te bring, en indien daar geen bevredigende reaksie van sy kant kom nie, die toestand van sake in die openbare pers te stel ten einde deur openbare optrede 'n verbetering teweeg te bring. Wat moet die houding van die U.R. nou hierteenoor wees?

Verskeie Brs. het teenoor die U.R. hulle misnoeë uitgespreek oor die tipe immigrant wat ons land binnekom. Daar is gesê dat die immigrante nie goed gekeur word nie, en dat die oorgrote meerderheid van hulle Rooms-Katolieke is. Daar is gevra dat dit nadruklik onder die aandag van die Regering gebring word, en dat die A.B. dan, indien nodig, met behulp van ons Kerke en kultuurliggame 'n openbare verset teen die regeringsbeleid op tou sit. Wat moes hierop die antwoord van die U.R. wees?

Ek wil nog twee voorbeelde noem. 'n Paar Brs. het verneem van 'n plan wat in sekere kringe ontstaan het om 'n onafhanklike blad in die lewe te roep. Daar is aangevoer dat die meeste van ons bestaande blaaie deur politieke partye beheer word, en dat dientengevolge geen vrye meningsuiting daarin kan plaasvind nie. Die loflike doel sou dus nou wees om 'n blad op te rig waarin die menings van indiwiduele persone oor aktuele vraagstukke uitgedruk kon word. Die uitgesproke mening was dan ook om 'n blad te hê waarin Afrikaners desverkiesende die Regering kon kritiseer, en selfs reëlreg teen die Regering kon optree. Die U.R. is gevra om sy steun hieraan te gee en om Brs. op te vorder om hulle vir dusdanige vrye meningsuiting te beywer. Wat moet die houding van die U.R. in hierdie verband wees?

'n Hele paar keer, en ook op Bondsrade, het onder Brs. die republikeinse strewe van die Afrikaner ter sprake gekom, waarmee daar as sodanig geen fout te vind is nie. Trouens, die A.B. is self sterk ten gunste van 'n republiek in ons land. Maar nou het die gedagte by sommige Brs. opgekom dat daar deur die A.B. 'n Republikeinse Bond gestig moet word, en dat die A.B., deur hierdie Bond, aktief vir die verkryging en die vormgewing van die republiek moet werk. Dit klink ook 'n mooi en loflike doel, maar sal die prosedure goed en gesond wees? En wat moet die antwoord van die U.R. wees?

9/Laat.....

Laat dit hier dadelik en duidelik gesê word dat die U.R. nooit, wanneer hy 'n meningsverskil met die een of ander lid van die Nasionale Afrikanerregering het, 'n openbare geskil hiervan sal maak nie. Dit is heeltemal denkbaar dat daar verskille van mening tussen die A.B. en die een of ander van ons Ministers kan kom. Maar as daar sulke verskille mag kom, of as die U.R. in verband met 'n belangrike saak vertoë tot die owerheid wil rig, sal die U.R. reguit en ruiterlik na die betrokke Minister gaan, en openhartig en persoonlik met hom praat. Ek kan hier ook sê dat daar al wel verskille van mening was, en dat die U.R. ook al dikwels met belangrike sake na die Regering gegaan het. Ek kan hier ook byvoeg dat die U.R. nog altyd met die grootste vriendelikheid en hartlikheid deur ons vriende ontvang is. Ek wil nie sê dat die Regering altyd gedoen het wat ons gevra het nie, maar ons het dit elke keer as 'n voorreg ondervind dat ons met soveel vrymoedigheid na ons Regering kon gaan, en ons het telkens weer besef dat ons die beste weg gevolg het.

Wat ons nie kan doen nie, is om 'n openbare verskil of botsing met ons eie Nasionale Afrikanerregering aan te blaas nie. Ons Brs. moenie verwag dat ons 'n openbare agitasie sal begin om die Regering te beweeg om bv. eenheidsbeheer op onderwysgebied in te voer nie, of om teen die Regering se immigrasiebeleid te protesteer nie. Ons sal wel aan 'n Minister sekere inligting in verband met die personeel van sy Departement gaan gee, en ons sal hom ons hulp aanbied, maar ons sal onder geen omstandighede vir hom wil probeer voorskryf wie hy in sy Departement moet aanstel nie. Ons sal ook wil meewerk aan 'n blad om oorspronklikheid van denke te bevorder, maar ons gaan nie deelneem aan 'n blad wat onregstreeks of op die duur ons Regering gaan ondermyn nie. En hoe sterk republikeins ons ook al voel, en hoeseer ons ons ook, as lede van ons party, vir die verkryging van 'n republiek beywer, ons kan nie in of deur die A.B. 'n Republikeinse Bond stig om aktief vir die verkryging van die republiek te werk nie, aangesien ons ons hiermee op die terrein van die party sal begewe.

Ons kan hierdie dinge nie doen nie omdat ons daarmee verdeeldheid onder ons eie mense sal saai, en wrywing en botsing sal veroorsaak. Ons sal daardeur vernietig wat ons met ons eie hande help opbou het, en ons sal dit doen tot vermaak en genoeë van vyandige on-Afrikaanse elemente wat in die verlede dikwels op die ellende van Afrikaner-broedertwis welig getier en

10/hoog.....

hoog getroon het. Die A.B. sal in die uitvoering van sy taak die lesse van ons geskiedenis nie vergeet nie: hy sal nie aandadig daaraan wees dat Afrikanereenheid verstoor word nie; hy sal nie die weg help baan vir 'n herhaling van die bekende beleid van verdeel en heers deur die vyand nie.

Daar is Brs. wat nie tevrede is met die standpunt van die U.R. soos ek dit hier uiteengesit het nie. Daar is Brs. wat meen dat die A.B., soos hulle dit stel, „sterker moet optree" en „aktief leiding moet gee", en dat die A.B. ook nie moet ontsien om openbare optrede teen die aanvaarde regeringsbeleid te organiseer nie. Hulle sê dat die A.B. anders niks tot stand sal bring nie en 'n nonentiteit sal wees. Hierop is my antwoord: Wat ek nie met openhartige, doelgerigte onderhandeling met ons Brs. in die Regering kan bereik nie, wil ek nie met verdeeldheid en broederstryd bereik nie. Dit kom vir my ook nie daarop aan of die A.B. 'n nonentiteit is nie, mits hy maar waaragtig die heil van ons volk soek en dien. Laat ons dan maar liewer 'n nonentiteit wees, want dan is ons ten minste 'n nonentiteit vir ons volk.

Hier het ons dan die hooftrekke van die taak van die A.B. onder 'n Afrikanerbewind. Hy moet hom van sy groot doelstellings bewus bly, en hy moet hom onverpoosd daarvoor beywer. Maar hy sal nie tot die dramatiese stappe geroepe wees wat sy optrede onder 'n andersoortige Regering sal kenmerk nie. En as hy dan met sy vriende in die Regering verskille van mening oor sake van nasionale beleid mag hê, sal openhartige, persoonlike onderhandeling vir hom die aangewese weg wees, en nie agitasie en openbare afwykende optrede nie.

Ons mag egter nie die fout begaan om te dink dat daar onder 'n Afrikanerbewind vir die A.B. noodwendig minder werk sal wees nie. Trouens, juis in so 'n tyd is dit nodig dat hy wakker en waaksaam sal wees, en dat hy sal toesien dat Afrikanerkragte aktief sal wees en goed gebruik sal word. Hy sal daarteen moet waak dat die Afrikaner nie deur sy suksesse in 'n gevoel van valse sekerheid sal verval en miskien die slagoffer van selfvoldaanheid sal word nie. Om dit te kan doen, sal die hele A.B., t.w. die U.R., die afdelings en die Brs. self wakker en aktief moet wees en moet bly.

Laat ons nou nog kortliks nagaan in hoeverre dit vandag die geval is. Die U.R. word deur die Bondsraad gekies, behalwe 'n paar van sy lede

wat deur die U.R. self gekoöpteer word. Ooreenkomstig ons grondwet en reglement is die U.R. dan met sekere magte beklee, en tree hy op as die hoogste uitvoerende gesag van die A.B. Hy kom gewoonlik vyfkeer per jaar byeen, en dan is dit in die reël elke keer harde, besige sittinge, wat 'n dag-en-'n-half duur en maar min tyd vir afwisseling laat. In die periodes tussen vergaderinge van die U.R. hou die lede hulle met komiteewerk en ondersoeke ingevolge U.R.-besluite besig, sodat hulle in staat sal wees om by die daaropvolgende vergadering te rapporteer.

Gedurende die afgelope jare het die U.R. hom met 'n groot verskeidenheid van uiters belangrike sake besig gehou. Hy het ondersoek ingestel na, en ook oorgegaan tot die stigting van 'n jeugbeweging, nl. die Ruiterwag, wat nou reeds op verskeie plekke bestaan en waaroor op hierdie Bondsraad meer inligting verstrek sal word. Die U.R. het ook veral aandag gewy aan onderwyssake, by name aan die beheer van ons onderwys, die aard en gehalte daarvan; en dan het die U.R. ook by uitstek in die bres getree vir die onderwys van die Afrikanerkind in Natal.

Ander sake wat altyd weer op die agenda verskyn het en tot belangrike stappe aanleiding gegee het, was die kwessie van immigrasie en die opname van immigrante in die bevolking van ons land; die formulering van die Afrikaner se republikeinse strewe; 'n ondersoek na ekonomiese sake, veral arbeidsverhoudinge en die gebruik van ons grondstowwe; die opbou van die Christiaan de Wet-fonds; die belange van Afrikaners buite die grense van die Unie, t.w. in Suidwes, die Rhodesiës en Angola; hulp aan studente, veral in die Geneeskunde, die Ingenieurswese en die Bantoekunde; en landbou-aangeleenthede, waaronder by name landbou-organisasies, en die plek wat die Afrikaner daarin inneem. Daarbenewens het die U.R. oor 'n hele aantal gewigtige sake persoonlik met ons Brs. in die Regering onderhandel, en aldus die geleentheid gekry om inligting te verskaf en 'n bydrae tot sekere belangrike besluite te lewer wat nie sonder goeie vrugte gebly het nie. Owerigens moes die U.R. ongelukkig ook baie van sy tyd aan moeilikhede in afdelings bestee. Maar oor hierdie pynlike saak praat ek nou nie verder nie, aangesien ek later weer hierop moet terugkom.

As 'n Br. tot lid van die U.R. verkies word, moet hy weet dat die U.R. baie van sy tyd gaan vra, en dat hy met moeilike vraagstukke te doen gaan kry. Die U.R. is egter ook die plek waar Brs. in die besef van die erns

12/van.....

van hulle taak, hartlik en opreg met mekaar saamwerk, en waar hulle - soms deur radikale verskille van mening - mekaar steeds meer en meer leer waardeer en respekteer. Die U.R.-lede is natuurlik geensins volmaak nie: hulle is en bly gewone mense wat in menslike swakheid optree; en dit kan ook wees dat hulle soms foute gemaak het of in gebreke gebly het waar hulle onverwyld moes opgetree het. Maar op grond van wat ek nou reeds deur baie jare heen in die U.R. gesien het, wil ek my hoogste waardering uitspreek vir die toewyding, offervaardigheid en geesdrif van die manne wat in dié tyd in die U.R. gedien het. Hulle was vir die A.B. 'n sterkte; hulle was vir my persoonlik 'n besieling.

Na die U.R. volg die afdelings, wat binne die raam van die A.B. ook 'n buitengewoon belangrike plek inneem. Dit is my taak en my voorreg om baie in ons land te reis en dikwels met afdelings in aanraking te kom. In die afgelope paar jaar het ek afdelings in al die provinsies van die Unie, en ook in gebiede buite die Unie, toegespreek en met hulle oor hulle vraagstukke oorleg gepleeg. Ek kan die versekering gee dat 'n mens in die loop van sulke ondervindinge dinge sien wat jou diep tref en vir jou tot inspirasie dien.

Jy kom in 'n afdeling wat in 'n industriële voorstedelike gebied lê. Die Afrikanergemeenskap is daar wel taamlik talryk, maar hy is onontwikkel en arm, en hy moet veg teen afskepery en vernedering. Die Brs. van die afdeling trek hulle die toestand van hulle mede-Afrikaners aan: hulle besluit dat hulle hulle kragte nie kan verbrokkel nie; die onderwys is die sleutelterrein waar die Afrikaner gedien en opgehef kan word; en hulle kragte moet veral hierop toegespits wees. Natuurlik stel hulle ook belang in die sake wat dikwels in ons omsendbriewe aangeraak word: ons verhouding met ons buurgebiede, ons deelname aan landbou- en ander organisasies, ons swak beheer oor ons sportwese ens., ens., maar vir hulle self in hulle eie omgewing gaan dit in die eerste instansie om die onderwys van jong Afrikaners in hulle eie midde. Veral in verband hiermee is hulle aktief.

As die beherende liggame van skole gekies word, dan loop hulle wakker en hulle sorg dat mense gekies word, wat die belange van die Afrikaner jeug waarlik op die hart dra. As daar nuwe onderwysers of onderwyseresse aangestel word, gaan maak hulle kennis en trek hulle sulke leerkragte na hulle huise toe. Hulle werk intiem met die skoolhoof saam. As daar gevalle

13/kom.....

kom waar jong kinders deur armoede verplig word om uit die skool te gaan, dan spring hulle in en gee hulle hulp, of sorg hulle dat hulp gegee word.

Hier is die gees wat 'n mens in 'n afdeling wil sien. Hierdie afdeling is gelukkig nie die enigste van hierdie soort nie; daar is nog baie ander wat net so optree. Ek kon vertel van 'n afdeling wat homself vir plaaslike optrede in 'n aantal komitees verdeel het, en wat aktief en lewendig op alle belangrike terreine van die lewe plaaslik optree. Ek kon ook vertel van 'n afdeling wat 'n hele paar medici in sy midde het en wat insonderheid in verband met die geneeskundige belange van sy eie omgewing, en trouens van die hele land, uitstekende werk doen. Ek kon ook vertel van 'n afdeling wat hoofsaaklik uit universiteitsbroers bestaan, wat sy besondere aandag aan universiteits- en studentebelange wy en wat o.a. ook reeds verskeie behoeftige studente geldelik gehelp het om deur die universiteit te gaan.

Dit is mooi dinge hierdie; dit is die gees wat 'n mens van 'n afdeling kan verwag. Dit is die gees van 'n afdeling wat hom bewus is van 'n taak, en wat daardie taak uitvoer. Maar dit is, helaas, nie met ál ons afdelings só nie. Laat ons maar eerlik wees: daar is ook die ander kant van die saak; daar is ook afdelings wat wel 'n gesellige bymekaarkomplek vir hulle lede bied, maar wat owerigens niks doen nie. Daar is afdelings wat hulle nie bewus is van 'n taak nie, en wat selfs geen moeite doen om rondom hulle heen te kyk en hulle taak raak te sien nie.

Ek het by geleentheid 'n afdeling gaan besoek. Uit belangstelling het ek taamlik vroeg die middag aangekom. Ek het eers in die dorp rondgegaan en met 'n paar bekendes oor allerhande kultuursake gesels. Die aand het ons vergadering gehad. Daar was 'n gesellige, oortuigde klompie Afrikaners byeen, en ek het my sommer dadelik tuis gevoel. Die Br. Voorsitter het my op hartlike wyse welkom geheet. Hy het daarna, heeltemal opreg, uiteengesit hoedat hulle in 'n oorwegend Afrikaanse omgewing gevestig is, en hoedat hulle daar nie eintlik 'n taak het nie. Hy het ten slotte gesê hoe bly hy was dat ek hulle kom besoek het, omdat ek nou vir hulle kon sê wat hulle taak is.

Nou wil ek baie nadruklik sê dat daar met die Afrikaner-oortuigings van hierdie Brs. niks verkeerd is nie, en dat jy opregter, hartliker mense as daardie Brs. nie sal kry nie. Maar dit het net nooit by hulle opgekom

14/dat.....

opgekom dat hulle ernstig moet gaan sit en dink en hulle moet afvra waar hulle taak, veral plaaslik, lê nie. Die feit dat hulle in 'n Afrikaanse omgewing woon, het hulle gerus laat voel en hulle sonder meer laat dink dat hulle geen taak het nie.

Juis hierin lê vandag een van ons grootste gevare. Ons moenie dink, soos ek reeds gesê het, dat, omdat ons vandag 'n nasionale Afrikanerregering het, ons gerus kan wees nie. Ons moet ook nie dink dat, omdat ons in 'n Afrikaanse omgewing woon, ons geen taak het nie. Daar is seker ook ander afdelings wat voel soos die afdeling wat ek besoek het. Aan hulle lamal wil ek in alle vriendelikheid sê wat ek dié aand in daardie afdeling gesê het: „Broers, julle woon hier in 'n Afrikaanse omgewing, maar ek verneem dat hier sedert jare reeds nie meer Geloftedag gevier word nie. Ek verneem ook dat Van Riebeeckdag en Krugerdag wel as vakansiedae gehou word, maar dat daar niks gedoen word om die ryke historiese en kulturele inhoud van dié dae in hierdie omgewing bekend te maak en te laat waardeer nie. Ek het ook verneem dat as die lede van die plaaslike munisipaliteit gekies word, verskeie van die Brs. nie eers hulle verskyning daar maak nie, en dat die lede van die afdeling nog nooit aktiewe belang in hierdie aangeleentheid getoon het nie. Ek merk ook op dat, ofskoon u in 'n Afrikaanse omgewing woon, die name van die lede van liggame soos die Hospitaalraad, die Skoolkomitee en die Vroue-Landbouvereniging 'n sterk on-Afrikaanse kleur dra. Ek verstaan ook van ons Br. Skoolhoof dat hierdie afdeling geen onderwyskomitee het nie, en dat die sake van ons jong seuns en dogters wat hier op die skoolbanke sit, maar selde in hierdie afdeling ter sprake kom. Broers, let op sulke dinge, en moet dan nie sê dat, omdat u in 'n Afrikaanse omgewing woon, u geen taak het nie!"

Terwyl ons dankbaar is vir die lewenskrag en aktiwiteit van baie van ons afdelings, bly dit ook 'n feit dat daar tal van afdelings is wat hoogstens as gesellige bymekaarkomplekke van Brs. waarde het, maar wat owerigens niks tot stand bring nie. Hulle is hulle nie van 'n taak bewus nie, en bly dus in gebreke om hulle deeltjie by te dra om van die A.B. 'n daadwerklike krag in die lewe van ons volk te maak.

Ná ons afdelings kom nou ten slotte ons Brs. self. Hoe is dit vandag met ons Brs. gesteld?

Ook hier moet ek sê dat daar baie mooi dinge is. Daar is Brs. wat

hulle opoffer en afsloof vir die groot sake van ons volk. Daar is Brs. wat, of hulle as lede van hulle afdelings optree, of as gewone Afrikaners daarbuite, op die voorpunte staan in die diens van ons volk. Daar is Brs. vir wie hulle afdeling nie net 'n gesellige, warme vriendekring is nie, maar wat hulle inspirasie in die geselskap van hulle Brs. in hulle afdeling vind. Daar is die Br. wat een aand in 'n afdelingsvergadering getuig het: „In die A.B., en in my afdeling, het ek ontdek wat ware Afrikanerskap beteken. Ek beskou dit as my plig om daardie Afrikanerskap na buitentoe uit te dra en oral uit te leef".

Maar ook in hierdie geval is daar die ander kant van die saak. Daar is ook Brs. wat hulle lidmaatskap van die A.B. strelend vind, en wat meen dat hulle daardeur aan aansien en betekenis gewen het. Daar is ook Brs., hoe pynlik die erkenning hiervan vir ons ook al mag wees, wat die A.B. al probeer gebruik het om sekere persoonlike belange te bevorder. Daar is ook Brs. wat vergeet het dat 'n mens met 'n mede-Brs. in liefde en vrede moet kan verskil, en wat oor allerhande klein dingetjies twis en tweedrag in hulle afdeling veroorsaak het. Daar is bv. die geval van 'n Br. wat nie deur mede-Brs. vir die hoofskap van 'n skool aanbeveel is nie - en wel omdat hulle eerlik en opreg gemeen het dat daar 'n ander beter gekwalifiseerde Afrikaner was - en wat dit steeds as 'n wrok teen sy mede-Brs. in sy hart omdra. Daar is ook die geval van 'n paar Brs. wat oor 'n onbenullige dingetjie soos die ameublement van 'n plaaslike gebou van hulle mede-Brs. verskil het, en wat hiervan 'n siedende plaaslike twis gemaak het, waardeur uiteindelik die afdeling aan flarde geskeur is. Dit is hierdie soort van dinge - hierdie dinge wat so volkome onnodig is as Brs. hulle van hulle groot taak bewus bly - wat soms ure en ure van die U.R. se tyd in beslag neem, en wat ook al daarop uitgeloop het dat die U.R., ten einde raad, 'n afdeling moes ontbind.

Terwyl ons vandag die mooi dinge in die A.B. waardeer, pas dit ons om ook hierdie dinge, die skadukante, raak te sien. Ons het ons van die taak van die A.B. onder die huidige tydsomstandighede rekenskap gegee. As ons daardie taak behoorlik ten uitvoer wil bring, sal ons moet toesien dat hierdie swakplekke onverwyld reggemaak word.

Hiermee het ek nou die veld gedek wat ek voor my gesien het. Mag die Bondsraad van 1958 ons tot groter helderheid omtrent die taak van die A.B.

16/bring.....

bring. Mag ons veral die taak van die A.B. onder 'n Nasionale Afrikaner-regering duideliker sien. Mag ons begryp dat ons almal en elkeen van ons, 'n aandeel aan hierdie taak het, 'n aandeel wat ons nooit sal kan verrig nie as ons nie ware, waardige broerskap in nederigheid en opregtheid uit-leef nie.

Mag ons boweal begryp dat ons beste pogings, hoe goed ook bedoek, tot mislukking gedoen sal wees as ons nie voortdurend ons oog op God gerig hou nie; Hy wat ons vadere deur donker dae veilig gelei het; Hy wat ook vir ons as Brs. ons skredes rig; Hy wat ook in 'n onsekere toekoms ons volk se Onfeilbare Leidsman is.

---------oooOooo--------